

Provincial Gazette

Provinsiale Koerant

8452

8452

Friday, 25 June 2021

Vrydag, 25 Junie 2021

Registered at the Post Office as a Newspaper

As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer

CONTENTS

INHOUD

(*Reprints are obtainable at Room M12, Provincial Legislature Building, 7 Wale Street, Cape Town 8001.)

(*Herdrukke is verkrygbaar by Kamer M12, Provinsiale Wetgewing-gebou, Waalstraat 7, Kaapstad 8001.)

No.		Page
Proclamations		
7	Overberg District Municipality: Closure of Minor Roads.....	434
8	Overberg District Municipality: Closure of a portion of Minor Road.....	435
9	Cape Winelands District Municipality: Closure of a portion of Minor Road.....	436
Tenders:		
	Notices.....	437
Local Authorities		
	Beaufort West Municipality: Levying Property Rates for the Financial Year 1 July 2021 to 30 June 2022	443
	Bitou Local Municipality: Inspection of the Fourth Supplementary Valuation Roll and Lodging of Objections	437
	Breedee Valley Municipality: Closing of a portion of Public Place	442
	Cape Agulhas Municipality: Removal of Restrictions	441
	Cape Agulhas Municipality: Removal of Restrictions	457
	City of Cape Town: Closure	438
	City of Cape Town: Closure	438
	City of Cape Town: Removal and Amendment of Conditions ...	457
	City of Cape Town: Removal of Conditions	457
	City of Cape Town: Removal of Restrictions	459
	City of Cape Town: Revised Informal Trading Plan for Ward 46, Gatesville	444
	City of Cape Town: Revised Informal Trading Plan for Ward 49, Athlone CBD	449
	George Municipality: Removal of Restrictions	440
	Hessequa Municipality: Removal of Restrictions	444
	Mossel Bay Municipality: Alienation.....	455
	Mossel Bay Municipality: Alienation.....	461
	Nederduitse Gereformeerde Gemeente Durbanville	466
	Oudtshoorn Municipality: Amendment of Conditions.....	459
	Oudtshoorn Municipality: Rezoning and Departure.....	460
	Saldanha Bay Municipality: Amendment of Restriction	437
	Saldanha Bay Municipality: Levying of Property Rates	462

Nr.		Bladsy
Proklamasies		
7	Overberg Distriksmunisipaliteit: Sluiting van Ondergeskikte Paaie.....	434
8	Overberg Distriksmunisipaliteit: Sluiting van 'n gedeelte van Ondergeskikte Pad.....	435
8	Kaapse Wynland Distriksmunisipaliteit: Sluiting van 'n gedeelte van Ondergeskikte Pad.....	436
Tenders:		
	Kennisgewings	437
Plaaslike Owerhede		
	Beaufort-Wes Munisipaliteit: Heffing van Eiendomsbelasting 1 Julie 2021 tot 30 Junie 2022	443
	Bitou Plaaslike Munisipaliteit: Inspeksie van die Vierde Aanvaullende Waardasierol en Indien van Besware	437
	Breedeevallei Munisipaliteit: Sluiting van Gedeelte van Publieke Oopruimte	442
	Kaap Agulhas Munisipaliteit: Opheffing van Beperkings	441
	Kaap Agulhas Munisipaliteit: Opheffing van Beperkings	457
	Stad Kaapstad: Sluiting	438
	Stad Kaapstad: Sluiting	438
	Stad Kaapstad: Opheffing en Wysiging van Voorwaardes.....	457
	Stad Kaapstad: Opheffing van Voorwaardes	457
	Stad Kaapstad: Opheffing van Beperkings	459
	Stad Kaapstad: Hersiene Informelehandelsplan vir Wyk 46, Gatesville.....	444
	Stad Kaapstad: Hersiene Informelehandelsplan vir Wyk 49, Athlone-Sakekern	449
	George Munisipaliteit: Opheffing van Beperkings	440
	Hessequa Munisipaliteit: Opheffing van Beperkings	444
	Mosselbaai Munisipaliteit: Alienation (Slegs Engels).....	455
	Mosselbaai Munisipaliteit: Alienation (Slegs Engels).....	461
	Nederduitse Gereformeerde Gemeente Durbanville (Engels)	466
	Oudtshoorn Munisipaliteit: Wysiging van Voorwaardes.....	459
	Oudtshoorn Munisipaliteit: Hersonerings en Afwyking.....	460
	Saldanhabaai Munisipaliteit: Wysiging van Beperkings	437
	Saldanhabaai Munisipaliteit: Levying of Property Rates (Slegs Engels).....	462

PROCLAMATION
PROVINCE OF WESTERN CAPE
ROADS ORDINANCE, 1976 (ORDINANCE 19 OF 1976)
NO. 7/2021

OVERBERG DISTRICT MUNICIPALITY: CLOSURE OF MINOR ROADS 4097 AND 4098, STEENBOKSRIVIER, CALEDON

Under section 3 of the Roads Ordinance, 1976 (Ordinance 19 of 1976), I hereby declare that the existing public roads Minor Roads 4097 and 4098, described in the Schedule and situated within the Overberg District Municipality area, are closed. The locations and routes are indicated by means of an unbroken blue lines marked A-B-C and D-B on plan RL.67/10, which is filed in the offices of the Deputy Director-General: Roads, 9 Dorp Street, Cape Town, 8001 and the Municipal Manager, Overberg District Municipality, 26 Long Street, Bredasdorp, 7280.

Dated at Cape Town this 21st day of June 2021.

D MITCHELL
WESTERN CAPE PROVINCIAL
MINISTER OF TRANSPORT AND PUBLIC WORKS

SCHEDULE

1. Minor Road 4097 from Main Road 269 on the property 762 to its terminal point on the property 487/5 at the boundary common thereto and the property 761: – a distance of about 4.5 km.
2. Minor Road 4098 from Divisional Road 1252 on the property 490 Weltevreden to Minor Road 4097 on the property 763: – a distance of about 2 km.

PROKLAMASIE
PROVINSIE VAN DIE WES-KAAP
ORDONNANSIE OP PAAIE, 1976 (ORDONNANSIE 19 VAN 1976)
Nr. 7/2021

OVERBERG DISTRIKSMUNISIPALITEIT: SLUITING VAN ONDERGESKIKTE PAAIE 4097 EN 4098 STEENBOKSRIVIER, CALEDON

Kragtens artikel 3 van die Ordonnansie op Paaie, 1976 (Ordonnansie 19 van 1976), verklaar ek hierby dat die bestaande openbare paaie Ondergeskikte Paaie 4097 and 4098, soos in die Bylae beskryf en binne die gebied van Overberg Distriksmunisipaliteit geleë, waarvan die liggings en roetes deur middel van ongebroke blou lyne gemerk A-B-C en D-B op plan RL.67/10 aangedui word, gesluit is. Plan RL.67/10 is in die kantore van die Adjunk-Direkteur-Generaal: Paaie, Dorpstraat 9, Kaapstad, 8001 en die Munisipale Bestuurder, Overberg Distriksmunisipaliteit, Langstraat 26, Bredasdorp, 7280, geliasseer.

Gedateer te Kaapstad op hierdie 21ste dag van Junie 2021.

D MITCHELL
WES-KAAP PROVINSIALE
MINISTER VAN VERVOER EN OPENBARE WERKE

BYLAE

1. Ondergeskikte Pad 4097 vanaf Hoofpad 269 op die eiendom 762 na die eindpunt op die eiendom 487/5 by die gemeenskaplike grens daarvan en die eiendom 761: 'n afstand van ongeveer 4.5 km.
2. Ondergeskikte Pad 4098 vanaf Afdelingspad 1252 op die eiendom 490 Weltevreden na Ondergeskikte Pad 4097 op die eiendom 763: 'n afstand van ongeveer 2 km.

ISAZISO
IPHONDO LENTSHONA KOLONI
UMMISELO WEENDLELA, WE-1976 (UMMISELO WE-19 KOWE-1976)
INOMBOLO. 7 WAMA-2021

UMASIPALA WESITHILI I-OVERBERG: UKUVALWA KWEENDLELA EZINCINCI U-4097 NO-4098, ESTEENBOKSRIVIER, ECALEDON

Phantsi kwecandelo lesi-3 loMmiselo weeNdlela, we-1976 (Ummiselo we-19 wowe-1976), Ndiyabhengeza ukuba iindlela zoluntu ezikhoyo iiNdlela eziNcinci u4097 no4098, ezichazwe kuLudwe lwenkqubo ekwindawo ephakathi kuMasipala weSithili iOverberg, zivaliwe. Iindlela kunye nendlela ezibonakaliswe ngomgca ozuba ongaphulwanga ophawulwe ngoA-B-C noD-B kwisicwangciso uRL.67/10, obhalwe kwifayile kwii-ofisi kaSekela Mlawuli-Jikelele: IiNdlela, Isitalato i-9 Dorp, eKapa, 8001 noMphathi kaMasipala, uMasipala weSithili iOverberg, Isitalato i26 Long, eBredasdorp, 7280.

Ibhalwe eKapa ngomhla 21 kwinyanga kweyeSilimela wama-2021.

D MITCHELL
UMPHATHISWA WEZOTHUTHO NEMISEBENZI YOLUNTU
IPHONDO LENTSHONA KOLONI

ULUDWE LWENKQUBO

1. INdlela eNcinci u4097 ukusuka kwiNdlela eNkulu u269 kwipropati u762 ukuya kwindawo yayo kwipropati u487/5 kumda ofanayo nepropati u761: – umgama omalunga ne4.5 km.
 2. INdlela eNcinci u4098 ukusuka kwiNdlela eyaHluliweyo u1252 kwipropati iWeltevreden ukuya kwiNdlela eNcinci u4097 kwipropati u763: – umgama omalunga ne2 km.
-

PROCLAMATION
PROVINCE OF WESTERN CAPE
ROADS ORDINANCE, 1976 (ORDINANCE 19 OF 1976)

NO. 8/2021

OVERBERG DISTRICT MUNICIPALITY: CLOSURE OF A PORTION OF MINOR ROAD 4495, VOORHUIS, SWELLENDAM

Under section 3 of the Roads Ordinance, 1976 (Ordinance 19 of 1976), I hereby declare that a portion of the existing public road Minor Road 4495, described in the Schedule and situated within the Overberg District Municipality area, is closed. The location and route are indicated by means of an unbroken blue line marked A-B on plan RL.67/7, which is filed in the offices of the Deputy Director-General: Roads, 9 Dorp Street, Cape Town, 8001 and the Municipal Manager, Overberg District Municipality, 26 Long Street, Bredasdorp, 7280.

Dated at Cape Town this 21st day of June 2021.

D MITCHELL
WESTERN CAPE PROVINCIAL
MINISTER OF TRANSPORT AND PUBLIC WORKS

SCHEDULE

The portion of Minor Road 4495 from a point on the property Remainder 248 Voorhuis at the boundary common thereto and the property 551 to its terminal point on the property 248/1 Jubilee Station:- a distance of about 2.7 km.

PROKLAMASIE
PROVINSIE VAN DIE WES-KAAP
ORDONNANSIE OP PAAIE, 1976 (ORDONNANSIE 19 VAN 1976)

Nr. 8/2021

OVERBERG DISTRIKSMUNISIPALITEIT: SLUITING VAN 'N GEDEELTE VAN ONDERGESKIKTE PAD 4495, VOORHUIS, SWELLENDAM

Kragtens artikel 3 van die Ordonnansie op Paaie, 1976 (Ordonnansie 19 van 1976), verklaar ek hierby dat 'n gedeelte van die bestaande openbare pad, Ondergesikhte Pad 4495, soos in die Bylae beskryf en binne die gebied van Overberg Distriksmunisipaliteit geleë, waarvan die ligging en roete deur middel van 'n ongebroke blou lyn gemerk A-B op plan RL.67/7 aangedui word, gesluit is. Plan RL.67/7 is in die kantore van die Adjunk-Direkteur-Generaal: Paaie, Dorpstraat 9, Kaapstad, 8001 en die Munisipale Bestuurder, Overberg Distriksmunisipaliteit, Langstraat 26, Bredasdorp, 7280, geliasseer.

Gedateer te Kaapstad op hierdie 21ste dag van Junie 2021.

D MITCHELL
WES-KAAP PROVINSIALE
MINISTER VAN VERVOER EN OPENBARE WERKE

BYLAE

Die gedeelte van Ondergesikhte Pad 4495, vanaf 'n punt op die eiendom Restant 248 Voorhuis by die gemeenskaplike grens daarvan en die eiendom 551 na die eindpunt op die eiendom 248/1 Jubilee Stasie: 'n afstand van ongeveer 2.7 km.

ISAZISO
IPHONDO LENTSHONA KOLONI
UMMISELO WEENDLELA, WE-1976 (UMMISELO WE-19 KOWE1976)

INOMBOLO. 8 WOWAMA-2021

UMASIPALA WESITHILI WASE-OVERBERG: UKUVALWA KWESAHLULO SENDLELA ENCINCI U-4495, EVOORHUIS, ESWELLENDAM

Phantsi kwecandelo lesi-3 loMmiselo weeNdlela, wowe-1976 (Ummiselo we-19 wowe-1976), ndiyabhengeza ukuba isahlulo sendlela kawonke-wonke ekhoyo iNdlela eNcinci u4495, described in the Schedule and situated within the njengoko kuchaziwe kuLudwe lwenkqubo ekwindawo yoMasipala weSithili iOverberg, ivaliwe. Indawo kunye nendlela zibonakaliswe ngomgca ozuba ongaphulwanga ophawulwe ngoA-B kwisicwang-ciso uRL.67/7, esibhalwe kwifayile kwii-ofisi zikaSekela Mlawuli Jikelele: IiNdlela, Isitalato i9 Dorp, eKapa, 8001 noMphathi kaMasipala, uMasipala weSithili iOverberg, Isitalato i26 Long, eBredasdorp, 7280.

Ibhalwe eKapa ngomhla 21 kwinyanga kweyeSilimela wama-2021.

D MITCHELL
UMPHATHISWA WEZOTHUTHO NEMISEBENZI YOLUNTU
IPHONDO LENTSHONA KOLONI

ULUDWE LWENKQUBO

Isahlulo seNdlela eNcinci u4495, ukusuka kwindawo ekwipropati eyiNtsalela u248 eVoorhuis kumda ofanayo nakwipropati u551 ukuya kwindawo ekwipropati u248/1 kwiSikhululo iJubilee:- umgama omalunga ne2.7 km.

PROCLAMATION
PROVINCE OF THE WESTERN CAPE
ROADS ORDINANCE, 1976 (ORDINANCE 19 OF 1976)

NO. 9/2021

CAPE WINELANDS DISTRICT MUNICIPALITY: CLOSURE OF A PORTION OF MINOR ROAD 5883 (HOOGLAND): PRINCE ALFRED HAMLET

Under section 3 of the Roads Ordinance, 1976 (Ordinance 19 of 1976), I hereby declare that a portion of the existing public road Minor Road 5883, as described in the Schedule to this notice and situated in the Cape Winelands District Municipality area, the location and route of which are indicated by means of an unbroken blue line marked A-B on plan RL.62/8, which is filed in the offices of the Deputy Director-General: Roads, 9 Dorp Street, Cape Town, 8001 and the Municipal Manager, Cape Winelands District Municipality, 51 Trappe Street, Worcester, 6849, is closed.

Dated at Cape Town this 21st day of June 2021.

D MITCHELL
WESTERN CAPE PROVINCIAL
MINISTER OF TRANSPORT AND PUBLIC WORKS

SCHEDULE

The portion of Minor Road 5883, from the electronic gate at km 5.01 on the property 493 Hoogland to its end point on the said property 493 Hoogland:- a distance of about 570m.

PROKLAMASIE
PROVINSIE VAN DIE WES-KAAP
ORDONNANSIE OP PAAIE, 1976 (ORDONNANSIE 19 VAN 1976)

NO. 9/2021

KAAPSE WYNLAND DISTRIKSMUNISIPALITEIT: SLUITING VAN 'N GEDEELTE VAN ONDERGESKIKTE PAD 5883 (HOOGLAND): PRINCE ALFRED HAMLET

Kragtens artikel 3 van die Ordonnansie op Paaie, 1976 (Ordonnansie 19 van 1976), verklaar ek hierby dat 'n gedeelte van die bestaande openbare pad, Ondergeskikte Pad 5883, soos in die Bylae beskryf en binne die gebied van die Kaapse Wynland Distriksmunisipaliteit geleë, waarvan die ligging en roete deur middel van 'n ongebroke blou lyn gemerk A-B op plan RL.62/8 aangedui word, wat in die kantore van die Adjunk-Direkteur-Generaal: Paaie, Dorpstraat 9, Kaapstad, 8001 en die Munisipale Bestuurder, Kaapse Wynland Distriksmunisipaliteit, Trappestraat 51, Worcester, 6849, geliasseer is, gesluit is.

Gedateer te Kaapstad op hierdie 21ste dag van Junie 2021.

D MITCHELL
WES-KAAP PROVINSIALE
MINISTER VAN VERVOER EN OPENBARE WERKE

BYLAE

Die gedeelte van Ondergeskikte Pad 5883, vanaf die elektroniese hek by km 5.01 op die eiendom 493 Hoogland tot by die eindpunt op die genoemde eiendom 493 Hoogland: 'n afstand van ongeveer 570m.

ISAZISO
IPHONDO LENTSHONA KOLONI
UMMISELO WEENDLELA, WE-1976 (UMMISELO WE-19 WE-1976)

INOMBOLO. 9 WOWAMA-2021

UMASIPALA WESITHILI SASECAPE WINELANDS: UKUVALWA KWESAHLULO SENDLELA ENCINCI U-5883 (EHOOGLAND): EPRINCE ALFRED HAMLET

Phantsi kwecandelo lesi-3 loMmiselo weeNdlela, we-1976 (uMmiselo we-19 we-1976), ndibhengeza ukuba indlela yoluntu ekhoyo iNdlela eNcinci u5883, njengoko ichaziwe kuLudwe lweNkqubo kwesi saziso kwaye ikummandla woMasipala weSithili iCape Winelands, iindawo kunye neendlela eziboniswe ngomgca ozuba ongaphukanga ophawulwe ngoA-B kwisicwangciso uRL.62/8, ebhalwe kwifayile kwii-ofisi zikaSekela Mlawuli-Jikelele: Iindlela, Isitalato i9 Dorp, eKapa, 8001 kunye noMphathi kaMasipala, uMasipala weSithili iCape Winelands, Isitalato i51 Trappe, eWorcester, u6849, ivaliwe.

Ibhalwe eKapa ngomhla 21 kwinyanga kweyeSilimela wama-2021.

D MITCHELL
UMPHATHISWA WEZOTHUTHO NEMISEBENZI YOLUNTU
IPHONDO LENTSHONA KOLONI

ULUDWE LWENKQUBO

Isahlulo seNdlela eNcinci u 5883, ukusuka kwisango lombane km 5.01 kwipropati u493 Hoogland ukuya kwisiphelo sayo kwipropati u493 Hoogland:- umgama omalunga nama-570m.

TENDERS

N.B. Tenders for commodities/services, the estimated value of which exceeds R20 000, are published in the Government Tender Bulletin, which is obtainable from the Government Printer, Private Bag X85, Pretoria, on payment of a subscription.

NOTICES BY LOCAL AUTHORITIES

**SALDANHA BAY MUNICIPALITY
AMENDMENT OF RESTRICTION**

Notice is hereby given in terms of Section 33 (7) of the Saldanha Bay Municipal Land Use Planning By-law that the Amendment of a Restrictive Title Deed Condition (condition B) contained in the title deed, T34708/2000, which reads:

(b) *“Geen verbetering of ander konstruksie op die eiendom mag te enige tyd hoër wees as 8 (agt) meter gemeet vanaf die laagste punt van die natuurlike grondoppervlakte binne die boulyn op die eiendom nie;”*

be amended under Section 33(1), to accommodate a 25m high Telecommunication Mast Infrastructure on the Erf 5947, Langebaan.

25 June 2021

21372

BITOU LOCAL MUNICIPALITY

**PUBLIC NOTICE CALLING FOR INSPECTION OF THE
FOURTH SUPPLEMENTARY VALUATION ROLL (SV04) AND
LODGING OF OBJECTIONS**

Notice is hereby given in terms of Section 49(1)(a)(i) read together with section 78(2) of the Local Government: Municipal Property Rates Act, 2004 (Act No.6 of 2004), hereinafter referred to as the “Act” that the fourth Supplementary Valuation Roll(s) 2017–2021 is open for public inspection at the various municipal offices and libraries within the municipal boundaries and in addition at: www.bitou.gov.za from **28 June 2021 to 6 August 2021**.

An invitation is hereby made in terms of section 49(1)(a)(ii) read together with section 78(2) of the Act that any owner of property or other person who so desires should lodge an objection with the municipal manager in respect of any matters reflected in, or omitted from, the supplementary valuation roll within the above-mentioned period.

Attention is specifically drawn to the fact that in terms of Section 50(2) of the Act an objection must be in relation to a specific individual property and not against the supplementary valuation roll as such. The official form for the lodging of an objection is obtainable at the various municipal offices and libraries within the municipal boundaries or website at: www.bitou.gov.za

The completed form must be returned to the following address via registered mail: Bitou Municipality, Revenue Division, Private Bag X1002, PLETTENBERG BAY, 6600.

Objections can also be lodged electronically at rates@plett.gov.za. **The closing date for the lodging of objections is Friday, 06 August 2021, 12h00. LATE OBJECTIONS and objections not completed on the official form will not be considered.**

This notice was published for the first time on **25 June 2021**.

For enquiries email: psakati@plett.gov.za

Municipal Notice No.: 192/2021

ADV. LMR NGOQO, MUNICIPAL MANAGER

25 June 2021

21373

TENDERS

L.W. Tenders vir kommoditeite/dienste waarvan die beraamde waarde meer as R20 000 beloop, word in die Staatstenderbulletin gepubliseer wat by die Staatsdrukker, Privaatsak X85, Pretoria, teen betaling van 'n intekengeld verkrygbaar is.

KENNISGEWINGS DEUR PLAASLIKE OWERHEDE

**SALDANHABAAI MUNISIPALITEIT
WYSIGING VAN BEPERKING**

Kennis word hiermee gegee ingevolge Artikel 33(7) van die Saldanha-baai Munisipale Grondgebruiksbeplanning Verordening, dat die wysiging van 'n beperkende titelvoorwaarde (voorwaarde B) soos vervat in Transportakte, T34708/2000, wat soos volg lees:

(b) *“Geen verbetering of ander konstruksie op die eiendom mag te enige tyd hoër wees as 8 (agt) meter gemeet vanaf die laagste punt van die natuurlike grondoppervlakte binne die boulyn op die eiendom nie;”*

gewysig word ingevolge Artikel 33(1), ten einde 'n 25m hoë Telekomunikasie Infrastruktuur op Erf 5947, Langebaan, te akkommodeer.

25 June 2021

21372

BITOU PLAASLIKE MUNISIPALITEIT

**PUBLIEKE KENNISGEWING VIR INSPEKSIE VAN DIE
VIERDE AANVULLENDE WAARDASIEROL (AW04) EN
INDIEN VAN BESWARE**

Kennis word hiermee gegee in terme van Artikel 49(1)(a)(i) saamgelees met Artikel 78(2) van die Plaaslike Regering: Munisipale Eiendomsbeplanning Wet 2004 (Wet Nr.6 van 2004), hierna verwys na as die “Wet” dat die vierde Aanvullende Waardasierol(le) 2017–2021 ter insae lê vir openbare inspeksie by die onderskeie munisipale kantore en biblioteke binne die munisipale grense sowel as die Raad se webwerf by www.bitou.gov.za vanaf: **28 Junie 2021 tot 6 Augustus 2021**.

'n Uitnodiging word hierby gerig, in terme van Artikel 49(1)(a)(ii) saamgelees met Artikel 78(2) in die Wet, dat enige eienaar van eiendom of enige ander persoon wat dit nodig ag, 'n beswaar by die munisipale bestuurder kan indien vir enige aangeleentheid vervat of weggelaat in die aanvullende waardasierol binne bogenoemde tydperk.

U aandag word spesifiek daarop gevestig dat in terme van Artikel 50(2) van die Wet 'n beswaar teen 'n spesifieke individuele eiendom ingedien moet word, en nie teen die waardasierol in sy geheel nie. Die amptelike vorm om 'n beswaar in te dien is beskikbaar by die onderskeie munisipale kantore en biblioteke binne die munisipale grense asook webwerf: www.bitou.gov.za

Die voltooiende vorm moet per geregistreerde pos geringedien word by die volgende adres: Bitou Munisipaleiteit, Inkomste Afdeling, Privaatsak X1002, PLETTENBERGBAAI, 6600.

Besware kan ook elektronies ingedien word by rates@plett.gov.za. **Die sperdatum vir die indiening van enige beswaar is Vrydag, 06 Augustus 2021, 12h00. LAAT BESWARE en besware wat nie op die amptelike vorm ingevul word sal aanvaar word nie.**

Hierdie kennisgewing het vir die eerste keer op: **25 Junie 2021** verskyn.

Navrae kan per e-pos gerig word by: psakati@plett.gov.za

Munisipale Kennisgewing Nr.: 192/2021

ADV. LMR NGOQO, MUNISIPALE BESTUURDER

25 June 2021

21373

CITY OF CAPE TOWN
**CLOSURE OF A PORTION OF PUBLIC ROAD
 ERF 1414 CONSTANTIA**

[File Ref: S14/3/4/3/337/16/11247]

Notice is hereby given in terms of Section 4 of the City of Cape Town Immovable Property By-Law, 2015, that the City of Cape Town has closed a portion of Erf 1414 Constantia adjoining Erf 11247 Constantia.

Such closure is effective from the date of publication of this notice. (S.G. ref no.: S/1720/7/2 p133)

**LUNGELO MBANDAZAYO
 CITY MANAGER**

25 June 2021

21374

CITY OF CAPE TOWN
**CLOSURE OF PORTION OF ROAD ERF 13872
 CONSTANTIA**

[File Ref: S14/3/4/3/337/16/11247]

Notice is hereby given in terms of Section 4 of the City of Cape Town's Immovable Property By-Law, 2015, that the City of Cape Town has closed a portion of Erf 13872 Constantia adjoining Erf 11247 Constantia.

Such closure is effective from the date of publication of this notice.

(S.G. ref no.: S/1720/7/2 p120)

**LUNGELO MBANDAZAYO
 CITY MANAGER**

25 June 2021

21375

THEEWATERSKLOOF MUNICIPALITY

**PUBLIC NOTICE CALLING FOR INSPECTION OF THE
 SUPPLEMENTARY VALUATION ROLL 2020/2021 AND
 LODGING OF OBJECTIONS**

Notice is hereby given in terms of Section 49(1)(a)(i) read together with Section 78(2) of the Local Government: Municipal Property Rates Act, 2004 (Act 6 of 2004), hereinafter referred to as the 'Act', that the supplementary valuation roll for the 2020/2021 financial year is open for public inspection at the Theewaterskloof Municipal Offices from **25 June 2021 to 6 September 2021**. In addition the supplementary valuation roll is available on the website www.twk.gov.za.

An invitation is hereby made in terms of Section 49(1)(a)(ii) read together with Section 78(2) of the Act that any owner of property or other person who so desires should lodge an objection with the Municipal Manager in respect of any matter reflected in, or omitted from, the supplementary valuation roll within the above-mentioned period (on/before **6 September 2021**).

Attention is specifically drawn to the fact that in terms of Section 50(2) of the Act an objection must be in relation to a specific individual property and not against the valuation roll as such. The form for the lodging of an objection is obtainable at the municipal offices as mentioned below or on the website www.twk.gov.za. The completed forms can be returned to any of the municipal offices, alternatively they can be mailed to: PO Box 24, Caledon, 7230.

For any valuation enquiries contact Siyakhula Property Valuers (Tel. 021 697 1333), Carien de Beer (Tel. 028 214 3390) or Lenotre Sauls (028 214 3317).

**D LUBBE
 MUNICIPAL MANAGER**

25 June 2021

21382

STAD KAAPSTAD

**SLUITING VAN 'N GEDEELTE VAN OPENBARE PAD
 ERF 1414 CONSTANTIA**

(Lêerverw.: S14/3/4/3/337/16/11247)

Kennisgewing geskied hiermee kragtens artikel 4 van die Stad Kaapstad: Verordening op Onroerende Eiendom, 2015, dat die Stad Kaapstad 'n gedeelte van Erf 1414 Constantia wat grens aan Erf 11247 Constantia, gesluit het.

Sodanige sluiting is van krag vanaf hierdie kennisgewing se publikasiedatum. (S.G. verwysingsno.: S/1720/7/2 p133)

**LUNGELO MBANDAZAYO
 STADSBESTUURDER**

25 Junie 2021

21374

STAD KAAPSTAD

**SLUITING VAN GEDEELTE VAN PAD ERF 13872
 CONSTANTIA**

(Lêerverw.: S14/3/4/3/337/16/11247)

Kennisgewing geskied hiermee kragtens artikel 4 van die Stad Kaapstad: Verordening op Onroerende Eiendom, 2015, dat die Stad Kaapstad 'n gedeelte van Erf 13872 Constantia wat grens aan Erf 11247 Constantia, gesluit het.

Sodanige sluiting is van krag vanaf hierdie kennisgewing se publikasiedatum.

(S.G. verwysingsno.: S/1720/7/2 p120)

**LUNGELO MBANDAZAYO
 STADSBESTUURDER**

25 Junie 2021

21375

THEEWATERSKLOOF MUNISIPALITEIT

**OPENBARE KENNISGEWING TER UITNODIGING OM DIE
 AANVULLENDE WAARDASIEROL VIR 2020/2021 TE
 INSPEKTEER EN BESWAAR AAN TE TEKEN**

Kennis geskied hiermee ingevolge Artikel 49(1)(a)(i) tesame met Artikel 78(2) van die Plaaslike Regering: Wet op Munisipale Eiendomsbeheer, 2004 (Wet 6 van 2004), hierna die 'Wet' genoem, dat die aanvullende waardasierol vir die 2020/2021 finansiële jaar vanaf **25 Junie 2021 to 6 September 2021** oop is vir die publiek se insae by die Theewaterskloof munisipale kantore. Die waardasierol is ook beskikbaar op die webwerf www.twk.gov.za.

'n Uitnodiging word hiermee ingevolge Artikel 49(1)(a)(ii) tesame met Artikel 78(2) van die Wet gerig dat enige eienaar van eiendom of 'n ander persoon wat beswaar by die Munisipale Bestuurder wil aanteken ten opsigte van enige saak wat in die aanvullende waardasierol weergegee word of daaruit weggelaat is, dit binne die bogenoemde tydperk moet doen (voor/op **6 September 2021**).

U aandag word spesifiek gevestig op die feit dat ingevolge Artikel 50(2) van die Wet, 'n beswaar met 'n spesifieke individuele eiendom verband moet hou en nie teen die waardasierol as sulks nie. Die vorm vir aanteken van beswaar is verkrygbaar by die munisipale kantore of op die webwerf www.twk.gov.za. Die voltooië vorms kan by enige van die munisipale kantore ingedien word of dit kan gepos word na: Posbus 24, Caledon, 7230.

Vir verdere waardasie inligting, skakel Siykhula Property Valuers (021 697 1333), Carien de Beer (Tel. 028 214 3390) of Lenotre Sauls (028 214 3317).

**D LUBBE
 MUNISIPALE BESTUURDER**

25 Junie 2021

21382

SWARTLAND MUNICIPALITY

NOTICE 105/2020/2021

**PROPOSED REMOVAL OF RESTRICTIVE TITLE
CONDITION, CONSENT USE AND SUBDIVISION ON ERF
1557, MALMESBURY**

Applicant: C K Rumboll & Partners, PO Box 211, Malmesbury, 7299.
Tel nr. 022-4821845

Owner: Mr C H Heyns, Arcadiastraat 117, Malmesbury, 7300.
Tel no. 083 4537651

Reference number: 15/3/5-8/Erf_1557/15/3/10-8/Erf_1557/
15/3/6-8/Erf_1557/15/3/13-8/Erf_1557

Property Description: Erf 1557, Malmesbury

Physical Address: Situated at 117 Arcadia Street, Malmesbury

Detailed description of proposal:

An application for the removal of restrictive title conditions on Erf 1557, Malmesbury, in terms of section 25(2)(f) of Swartland Municipality: Municipal Land Use Planning By-Law (PG 8226 of 25 March 2020) has been received. It is proposed that the restrictive conditions C(a), C(c) and C(e) be removed from Deed of Transfer T2554/2013. The purpose of the application is to remove the condition, stating that the erf may not be subdivided, only one dwelling together with the necessary outbuildings be accommodated as well as the restrictions with regard to building line.

The application for consent use for a double dwelling on Erf 1557, Malmesbury in terms of section 25(2)(o) of Swartland Municipality: Municipal Land Use Planning By-law (PG 8226 of 25 March 2020) has been received. The application is to authorize the existing double dwelling house.

The application for subdivision of Erf 1557, Malmesbury in terms of section 25(2)(d) of Swartland Municipality: Municipal Land Use Planning By-law (PG 8226 of 25 March 2020) has been received. It is proposed that Erf 1557(1691m² in extent) be subdivided into a remainder (±987m² in extent) and portion A (±704m² in extent).

A private right of way servitude is proposed over the new created portion in favor of the remainder. The servitude will protect the remainder's existing access to the garage.

Notice is hereby given in terms of section 55(1) of the By-law on Municipal Land Use Planning that the abovementioned application has been received and is available for inspection from Monday to Thursday between 08:00-13:00 and 13:45-17:00 and Friday 08:00-13:00 and 13:45-15:45 at the Department Development Services, office of the Senior Manager: Built Environment, Municipal Office, Church Street, Malmesbury. **Any written comments whether an objection or support may be addressed in terms of section 60 of the said legislation to The Municipal Manager, Private Bag X52, Malmesbury, 7299/Fax – 022-487 9440/e-mail – swartlandmun@swartland.org.za on or before 26 July 2021 at 17:00, quoting your name, address or contact details as well as the preferred method of communication, interest in the application and reasons for comments.** Telephonic enquiries can be made to the town planning division (Alwyn Burger or Herman Olivier) at 022-487 9400. The Municipality may refuse to accept comment received after the closing date. Any person who cannot write will be assisted by a municipal official by transcribing their comments.

J J SCHOLTZ, Municipal Manager, Municipal Office,
Church Street, MALMESBURY 7300

25 June 2021

21377

SWARTLAND MUNISIPALITEIT

KENNISGEWING 105/2020/2021

**VOORGESTELDE OPHEFFING VAN BEPERKENDE
VOORWAARDES, VERGUNNINGSGEBRUIK EN
ONDERVERDELING VAN ERF 1557, MALMESBURY**

Aansoeker: CK Rumboll & Vennote, Posbus 211, Malmesbury, 7299.
Tel no. 022-4821845

Eienaar: Mnr CH Heyns, Arcadiastraat 117, Malmesbury, 7300.
Tel no. 083 453 7651

Verwysingsnommer: 15/3/5-8/Erf_1557/15/3/6-8/Erf_1557/
15/3/10-8/Erf_1577/ 15/3/13-8/Erf_1577

Eiendomsbeskrywing: Erf 1557, Malmesbury

Fisiese Adres: Geleë te Arcadiastraat 117, Malmesbury

Volledige beskrywing van aansoek:

Die aansoek om opheffing van beperkende voorwaardes op Erf 1557, Malmesbury, ingevolge artikel 25(2)(f) van Swartland Munisipaliteit: Verordening insake Munisipale Grondgebruikbeplanning (PK 8226 van 25 Maart 2020), is ontvang. Die voorstel is dat voorwaarde C(a), C(c) en C(e) van Transportakte T2554/2013 opgehef word. Die aansoek het ten doel om die beperkings dat die perseel nie onderverdeel mag word nie, slegs een woning tesame met nodige buitegeboue mag akkommodeer sowel as beperkings ten opsigte van boulyne, te verwyder.

Die aansoek om vergunningsgebruik vir 'n dubbelwoning op die restant van Erf 1557, Malmesbury, ingevolge artikel 25(2)(o) van Swartland Munisipaliteit: Verordening insake Munisipale Grondgebruikbeplanning (PK 8226 van 25 Maart 2020), is ontvang. Die voorstel behels die magtiging van die bestaande dubbelwoonhuis.

Die aansoek om onderverdeling van Erf 1557, Malmesbury, ingevolge artikel 25(2)(b) van Swartland Munisipaliteit: Verordening insake Munisipale Grondgebruikbeplanning (PK 8226 van 25 Maart 2020), is ontvang. Die voorstel behels dat Erf 1557 (groot 1691m²) onderverdeel word in 'n restant (groot ±987m²) en gedeelte A (±704m²).

'n Privaat reg-van-weg serwituut word voorgestel oor die nuutgeskepte gedeelte ten gunste van die restant. Die serwituut sal die restant se bestaande toegang tot die motorhuis beskerm.

Kennis word hiermee gegee ingevolge artikel 55(1) van Swartland Munisipaliteit: Verordening insake Munisipale Grondgebruikbeplanning dat bogenoemde aansoek ontvang is en beskikbaar is vir inspeksie vanaf Maandag tot Donderdag tussen 08:00-13:00 en 13:45-17:00 en Vrydag 08:00-13:00 en 13:45-15:45 by Department Ontwikkelingsdienste, kantoor van die Senior Bestuurder: Bou-Omgewing, Munisipale Kantoor, Kerkstraat, Malmesbury. Enige skriftelike kommentaar hetsy 'n beswaar of ondersteuning kan ingevolge artikel 60 van genoemde wetgewing aan Die Munisipale Bestuurder, Privaatsak X52, Malmesbury, 7299/Faks – 022-487 9440/e-pos – swartlandmun@swartland.org.za gestuur word voor of op **26 Julie 2021 om 17:00. Die kommentaar moet asseblief u naam, adres en kontakbesonderhede asook die voorkeuryse waarop daar met u gekommunikeer moet word aandui, sowel as u belang by die aansoek asook redes vir u kommentaar.** Telefoniese navrae kan gerig word aan die stadsbeplanningafdeling (Alwyn Burger, Herman Olivier of Annelie de Jager) by 022-487 9400. Die Munisipaliteit mag kommentaar wat na die sluitingsdatum ontvang word weier. Persone wat nie kan skryf nie sal deur 'n munisipale amptenaar bygestaan word om hulle kommentaar op skrif te stel.

J J SCHOLTZ, Munisipale Bestuurder, Munisipale Kantoor,
Kerkstraat 1, MALMESBURY 7300

25 Junie 2021

21377

SWARTLAND MUNICIPALITY

NOTICE 106/2020/2021

PROPOSED REZONING AND DEPARTURE OF
ERF 674, MALMESBURY

Applicant: CK Rumboll & Partners, PO Box 211, Malmesbury, 7299.
Tel nr. 022-4821845

Owner: André Halvorsen Family Trust, 131 Voortrekker Road,
Malmesbury, 7300. Tel nr. 083 261 7573

Reference number: 15/3/3-8/Erf_674/15/3/4-8/Erf_674

Property description: Erf 674, Malmesbury

Physical address: Situated at 131 Voortrekker Road, Malmesbury

Detailed description of proposal:

The application for rezoning of Erf 674, Malmesbury in terms of section 25(2)(a) of Swartland Municipality: Municipal Land Use Planning By-law (PG 8226 of 25 March 2020) has been received. It is proposed that Erf 674 be rezoned from Residential Zone 1 and Business Zone 2 to Community Zone 1 and Business Zone 1 in order to accommodate a place of education (crèche), shop and flat in the existing buildings on the premises.

The application for a departure of the development parameters on Erf 674, Malmesbury in terms of section 25(2)(b) of Swartland Municipality: Municipal Land Use Planning By-law (PG 8226 of 25 March 2020) has been received. The proposal is to depart from the parameters of the new zoning categories in respect of the non-provision of the prescribed on-site parking of 10 to 5 parking bays as well as the departure of the 10m street building line up to 1m and the 5m side building line up to 2,5m in order to accommodate the existing buildings.

Notice is hereby given in terms of section 55(1) of the abovementioned By-law that the abovementioned application has been received and is available for inspection from Monday to Thursday between 08:00-13:00 and 13:45-17:00 and Friday 08:00-13:00 and 13:45-15:45 at the Department Development Services, office of the Senior Manager: Built Environment, Municipal Office, Church Street, Malmesbury. **Any written comments whether an objection or support may be addressed in terms of section 60 of the said legislation to The Municipal Manager, Private Bag X52, Malmesbury, 7299/Fax – 022-487 9440 /e-mail – swartlandmun@swartland.org.za on or before 26 July 2021 at 17:00, quoting your name, address or contact details as well as the preferred method of communication, interest in the application and reasons for comments.** Telephonic enquiries can be made to the town planning division (Alwyn Burger or Herman Olivier) at 022-487 9400. The Municipality may refuse to accept comment received after the closing date. Any person who cannot write will be assisted by a municipal official by transcribing their comments.

J J SCHOLTZ, Municipal Manager, Municipal Office,
1 Church Street, MALMESBURY 7300

25 June 2021

21378

GEORGE MUNICIPALITY

REMOVAL OF RESTRICTIVE CONDITION:
ERF 704 HOEKWIL, GEORGE MUNICIPALITY &
DIVISION

Notice is hereby given in terms of Section 33(7) of the George Municipality: Land Use Planning By-Law (2015), that the Eden Joint Municipal Planning Tribunal has per letter dated on 31 January 2020, read with appeal decision dated 11 June 2021, removed condition paragraphs C(b) in Title deed T21622/2017 in terms of Section 15(2)(f) of the said By-law.

DR. M GRATZ, ACTING MUNICIPAL MANAGER, Civic Centre,
York Street, GEORGE, 6530

25 June 2021

21389

SWARTLAND MUNISIPALITEIT

KENNISGEWING 106/2020/2021

VOORGESTELDE HERSONERING EN AFWYKING OP
ERF 674, MALMESBURY

Aansoeker: CK Rumboll & Vennote, Posbus 211, Malmesbury, 7299.
Tel no. 022-4821845

Eienaar: André Halvorsen Familie Trust, Voortrekkerweg 131,
Malmesbury, 7299. Tel no. 083 261 7573

Verwysingsnommer: 15/3/3-8/Erf_674 15/3/4-8/Erf_674

Eiendomsbeskrywing: Erf 674, Malmesbury

Fisiese Adres: Geleë te Voortrekkerweg 131, Malmesbury

Volledige beskrywing van aansoek:

Die aansoek om hersonering van Erf 674, Malmesbury, ingevolge artikel 25(2)(a) van Swartland Munisipaliteit: Verordening insake Munisipale Grondgebruikbeplanning (PK 8226 van 25 Maart 2020), is ontvang. Die voorstel behels dat Erf 674 hersoneer word vanaf Residensiële sone 1 en Sakesone 1 na Gemeenskapsone 1 en Sakesone 1 ten einde 'n plek van onderrig (kleuterskool), winkel en woonstel in die bestaande geboue op die perseel te akkommodeer.

Die aansoek om afwyking van ontwikkelingsparameters op Erf 674, Malmesbury, ingevolge artikel 25(2)(b) van Swartland Munisipaliteit: Verordening insake Munisipale Grondgebruikbeplanning (PK 8226 van 25 Maart 2020), is ontvang. Die voorstel is dat daar afgewyk word van die parameters van die nuwe soneringskategorieë ten opsigte van die nie-voorsiening van die voorgeskrewe op-perseel parkering van 10 na 5 parkeerplekke sowel as die afwyking van die 10m straatboulyn tot op 1m en die 5m kantboulyn tot op 2,5m, ten einde die bestaande geboue te akkommodeer.

Kennis word hiermee gegee ingevolge artikel 55(1) van Swartland Munisipaliteit: Verordening insake Munisipale Grondgebruikbeplanning dat bogenoemde aansoek ontvang is en beskikbaar is vir inspeksie vanaf Maandag tot Donderdag tussen 08:00-13:00 en 13:45-17:00 en Vrydag 08:00-13:00 en 13:45-15:45 by Department Ontwikkelingsdienste, kantoor van die Senior Bestuurder: Bou-Omgewing, Munisipale Kantoor, Kerkstraat, Malmesbury. Enige skriftelike kommentaar hetsy 'n beswaar of ondersteuning kan ingevolge artikel 60 van genoemde wetgewing aan Die Munisipale Bestuurder, Privaatsak X52, Malmesbury, 7299/Faks – 022-487 9440/e-pos – swartlandmun@swartland.org.za gestuur word voor of op **26 Julie 2021 om 17:00. Die kommentaar moet asseblief u naam, adres en kontakbesonderhede asook die voorkeurwyse waarop daar met u gekommunikeer moet word aandui, sowel as u belang by die aansoek asook redes vir u kommentaar.** Telefoniese navrae kan gerig word aan die stadsbeplanningsafdeling (Alwyn Burger, Herman Olivier of Annelie de Jager) by 022-487 9400. Die Munisipaliteit mag kommentaar wat na die sluitingsdatum ontvang word weier. Persone wat nie kan skryf nie sal deur 'n munisipale amptenaar bygestaan word om hulle kommentaar op skrif te stel.

J J SCHOLTZ, Munisipale Bestuurder, Munisipale Kantoor,
Kerkstraat 1, MALMESBURY 7300

25 Junie 2021

21378

GEORGE MUNISIPALITEIT

OPHEFFING VAN BEPERKENDE TITELVOORWAARDE:
ERF 704 HOEKWIL GEORGE MUNISIPALITEIT &
AFDELING

Kennis word hiermee gegee, in terme van Artikel 33(7) van die George Munisipaliteit: Verordening op Grondgebruikbeplanning (2015), dat die Eden Gesamentlike Munisipale Beplanningstribunaal per skrywe gedateer 31 Januarie 2020, gelees saam met die appèlbesluit gedateer 11 Junie 2021, voorwaarde paragraaf C(b) in Titelakte T21622/2017 opgehef het in terme van Artikel 15(2)(f) van genoemde Verordening.

DR. M GRATZ, WAARNEMENDE MUNISIPALE BESTURDER,
Burgersentrum, Yorkstraat, GEORGE, 6530

25 Junie 2021

21389

SWARTLAND MUNICIPALITY

NOTICE 107/2020/2021

**PROPOSED CLOSURE OF PUBLIC PLACE,
REZONING AND SUBDIVISION OF ERF 2719,
MALMESBURY**

Applicant: C K Rumboll & Partners, PO Box 211, Malmesbury, 7299.
Tel nr. 022-4821845

Owner: Swartland Municipality, Private Bag X52, Malmesbury, 7299.
Tel nr. 022-4879400

Reference number: 15/3/3-8/Erf_2719 / 15/3/6-8/Erf_2719 /
15/3/7-8/Erf_2719

Property description: Erf 2719, Malmesbury

Physical address: Situated in Varing Street, Malmesbury

Detailed description of proposal:

An application for the closure of a public place on Erf 2719, Malmesbury in terms of section 25(2)(n) of Swartland Municipality: Municipal Land Use Planning By-Law (PG 8226 of 25 March 2020) has been received. The purpose of the application is to close a portion (432m² in extent) of Varing Street.

The application for the rezoning of Erf 2719, Malmesbury, in terms of section 25(2)(a) of Swartland Municipality: Municipal Land Use Planning By-law (PG 8226 of 25 March 2020) has been received. It is proposed that a portion Erf 2719 (432m² in extent) be rezoned from Transport Zone 2 to Community Zone 3.

An application for the subdivision of Erf 2719, Malmesbury in terms of section 25(2)(d) of the By-law has been received. It is proposed that Erf 2719 (1,5444ha in extent) be subdivided into a remainder (1,3ha in extent), Portion A (800m² in extent), Portion B (800m² in extent) and Portion C (873m²).

Notice is hereby given in terms of section 55(1) of the abovementioned By-law that the abovementioned application has been received and is available for inspection from Monday to Thursday between 08:00-13:00 and 13:45-17:00 and Friday 08:00-13:00 and 13:45-15:45 at the Department Development Services, office of the Senior Manager: Built Environment, Municipal Office, Church Street, Malmesbury. **Any written comments whether an objection or support may be addressed in terms of section 60 of the said legislation to The Municipal Manager, Private Bag X52, Malmesbury, 7299/Fax – 022-487 9440 /e-mail – swartlandmun@swartland.org.za on or before 28 Junie 2021 at 17:00, quoting your name, address or contact details as well as the preferred method of communication, interest in the application and reasons for comments.** Telephonic enquiries can be made to the town planning division (Alwyn Burger or Herman Olivier) at 022-487 9400. The Municipality may refuse to accept comment received after the closing date. Any person who cannot write will be assisted by a municipal official by transcribing their comments.

J J SCHOLTZ, Municipal Manager, Municipal Office,
1 Church Street, MALMESBURY 7300

25 June 2021

21379

CAPE AGULHAS MUNICIPALITY

**REMOVAL OF RESTRICTIVE CONDITION(S):
ERF 102 STRUISBAAI****CAPE AGULHAS MUNICIPAL BY-LAW ON MUNICIPAL
LAND USE PLANNING**

Notice is hereby given that the Authorised Official on 28 May 2021, removed condition(s) B(5)&B.6(b)(c)(d), applicable to Erf 102 Struisbaai as contained in Title Deed, T 73074/2017 in terms of section 33(7) of the Cape Agulhas Municipal By-law on Land Use Planning.

25 June 2021

21398

SWARTLAND MUNISIPALITEIT

KENNISGEWING 107/2020/2021

**VOORGESTELDE SLUITING VAN 'N OPENBARE PLEK,
HERSONERING EN ONDERVERDELING VAN ERF 2719,
MALMESBURY**

Aansoeker: CK Rumboll & Vennote, Posbus 211, Malmesbury, 7299.
Tel no. 022-4821845

Eienaar: Swartland Munisipaliteit, Privaatsak X52, Malmesbury, 7299.
Tel no. 022-4879400

Verwysingsnommer: 15/3/3-8/Erf_2719 / 15/3/6-8/Erf_2719 /
15/3/7-8/Erf_2719

Eiendomsbeskrywing: Erf 2719, Malmesbury

